
Republikein
Jou land. Jou taal. Jou koerant.

# Twee vermeende renosterstropers vas

30 March 2020 | Misdaad




1.

0 0 0

Twee verdagtes wat glo 'n renoster in die Etosha Nasionale Park gestroop het, is vasgetrek.

Die woordvoerder van die ministerie van die omgewing, bosbou en toerisme, mnr. Romeo Muyunda, het vanoggend aan Republikein bevestig dat twee vermeende renosterstropers die naweek in hegtenis geneem is.

Volgens hom is 'n vars renosterkarkas in die vroeë oggendure van Vrydag in die noordooste van die park naby Casablanca in die omgewing van Oshivelo ontdek.

Die ministerie het Vrydag 'n beroep op naburige gemeenskappe gedoen om die verdagtes het help vasstrek.

Volgens Muyunda is die verdagtes se voetspore gevolg, twee is in hegtenis geneem en die ondersoek duur voort.

Hy het ook gesê wetstoepassers sal hul patrollies in alle nasionale parke tydens die inperkingstyd van Covid-19 verhoog.